



# Oosies

## NUUSBRIEF

### 2026

#### WERK EN OORWIN

Ons omgee-uitleefskool waar ons met passie potensiaal ontsluit

#trotseoosie #laatdieblougolfrol #hierbouonsjoutoekoms

23/2026

25 Junie 2026

### UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Oosie-ouers, voogde en leerders

So kom ons aan die einde van nog 'n besige en suksesvolle kwartaal. Namens die skool wil ek graag ons opregte waardering uitspreek teenoor al ons leerders, personeel en ouers vir julle harde werk, toewyding en ondersteuning gedurende die afgelope kwartaal. Julle betrokkenheid en samewerking dra daagliks by tot die sukses van Oos-Moot.

'n Spesiale woord van dank gaan aan ons Skoolbeheerliggaam vir hul onbaatsugtige diens, leiding en ondersteuning deur die jaar. Baie van die werk wat hulle doen, vind agter die skerms plaas en gaan dikwels ongemerk verby, maar die impak daarvan word daagliks in die funksionering en ontwikkeling van ons skool gesien. Julle tyd, kundigheid, opoffering en toewyding dra daartoe by dat Hoërskool Oos-Moot voortdurend kan groei en floreer. Dankie dat julle saam met ons die verantwoordelikheid dra om die beste moontlike geleentheid vir ons leerders te skep. Ons waardeer elkeen van julle se bydrae opreg en is dankbaar vir julle volgehoue ondersteuning van ons skoolgemeenskap

Ons opregte dank ook aan almal wat bygedra het tot ons Geboue- en Terreineprojek. Ons waardeer onder andere die ruim skenkings en ondersteuning van Stanley Watkins van Stewards & Lloyds (skenking van die Clearview-paneel), asook Diederik Kuhn en Sybil de Swardt vir hul ruim baksteenskenking. Ons waardeer elke persoon en onderneming wat bakstene geskenk het of op enige ander wyse tot hierdie belangrike projek bygedra het. Julle ondersteuning help ons om 'n beter leeromgewing vir ons leerders te skep.

Ons is besonder trots op ons atlete wat Gauteng-Noord en hul onderskeie klubs by die Interprovinciale Landloopkampioenskappe verteenwoordig het. 'n Spesiale gelukwensing aan JM Maritz, wat 'n uitstekende 4de plek in die Mans o.20-afdeling behaal het, en Mizaan Louwies, wat 6de geëindig het in die Dogters o.14-afdeling. Om op hierdie vlak mee te ding is reeds 'n merkwaardige prestasie.

Nog 'n hoogtepunt hierdie kwartaal was die uitsonderlike prestasie van ons rugbyspelers wat vir Blou Bulle-spanne gekies is. Ons is ongelooflik trots op elke speler wat die eer ontvang het om die Blou Bulle te verteenwoordig. Hierdie prestasie is ekstra spesiaal, aangesien dit die eerste keer in Hoërskool Oos-Moot se geskiedenis is dat soveel spelers vir Blou Bulle-spanne gekies is. o.18 Cravenweek: Riyaan Wilson en Thando Telelo, o.18 Akademieweek: Brian Jacobs, Bradley Jacobs en Michael Bhuda, o/17A: Tyrese Adams, o.18 XV: Jayden Meintjies en Sinawo Stengana, o/16 Noordvaal A: Tumelo Maphaha, o.15A: Kurtley Barendse. Baie geluk aan elke speler, hul families en afrigters.

Ons akademiese prestasies bly ook 'n bron van trots. Van ons graad 10 en 11 Rekeningkunde-leerders het uitstekend presteer in die eerste rondte van die Proverto Nasionale Rekeningkunde-olimpiade en deurgedring na die tweede rondte wat op 29 Julie plaasvind. Ons wens Liam Strydom, Caitlynn Heymans, Cristal du Plooy, Amy Galetti, Devin Peuckert, Juann du Toit, Jolene Els, Heinrich Kok, Jessica Westfall, Reuben van Blerk, Aiden Badenhorst, Juandre Erasmus en Erwee Viljoen alle sterkte toe vir die volgende rondte.

Ons herinner ons Graad 12-leerders graag aan die Winterskoolprogram wat gedurende die vakansie plaasvind. Maak gebruik van hierdie waardevolle geleentheid om julle kennis te versterk en deeglik voor te berei vir die belangrike Rekordeksamen in die derde kwartaal.

Sterkte aan ons sportspanne wat aan toere deelneem gedurende die vakansie, die Rasieleiers wat aan 'n kompetisie deelneem, die All Stars met hul sangopnames en ons sagtebalspanne wat oefen vir die komende seisoen.

Terwyl ons uitsien na 'n welverdiende vakansie, wens ons al ons leerders, ouers en personeel 'n veilige, geseënde en rustige rustyd toe. Gebruik hierdie geleentheid om te herlaai en nuwe energie op te bou vir die belangrike kwartaal wat voorlê.

Die derde kwartaal bring weer talle uitdagings en geleenthede, met die **Rekordeksamen vir ons Graad 12-leerders** wat 'n belangrike fokus sal wees.

Baie dankie vir elkeen se bydrae gedurende die kwartaal. Ons sien daarna uit om almal verfris terug te verwelkom.

Vriendelike groete

Me S Theron

HOOF

## ALGEMEEN

### Belangrike datums en kontakbesonderhede

- 21 Julie : Skool heropen
- 24 Julie : Rapportte (leerders)
- 30 Julie : Fotodag 2

## AKADEMIE

### Graad 12 Winterskool

Die graad 12-leerders se Winterskool word hierdie jaar aangebied vanaf 22 Junie tot 11 Julie.

#### Registrasie

Leerders moet asseblief [hier](#) registreer.

[Winterskoolbrief](#) met inligting t.o.v. vakke, dae en tye.

### Eksamen- en toetsroosters – Kwartaal 3

Die volgende toets- en eksamenroosters sal aan die begin van kwartaal 3 aan leerders uitgegee word.

- Kwartaal 3 toetsrooster
- Graad 12 Rekorderksamenrooster

### Graad 8 en 9 Studiemetodekursus gedurende die skoolvakansie

Baie leerders onderpresteer omdat hulle nie verstaan hoe die brein funksioneer t.o.v. konsentrasie en geheue nie.

Hulle ken en verstaan ook nie die verskillende studiemetodes nie. Elke leerder moet die geleentheid gegun word om voldoende voorberei te word vir die eise van hoërskool en die voorreg hê om, volgens sy/haar vermoë, optimaal te presteer. Dit is 'n uitstekende, interessante en genotvolle kursus, wat met bringim geïnkorporeer word.

'n Paar fokuspunte van die kursus:

- Funksionering van die menslike brein, positiewe denke, konsentrasie en geheue
- Suksesvolle bereik van studiedoelwitte en tydsbeplanning
- Studiemetodes, studiewenke en opsommetodes
- Toetse/eksamens: beplanning en voorbereiding

\*Alle studiemateriaal word voorsien.

Datum : **13 tot 15 Julie**  
 Plek : Kamer 69 (Oos-Moot)  
 Tyd : 08:00 – 13:00

#### Kostes:

- Studiemetodekursus (alleenlik) = R600
- Breinprofielvaluering en beroepsvoorligting = R700 (opsioneel, maar van onskatbare waarde.)
- Pakket beloop R1000 per leerder en dit sluit die kursus en breinprofiel in.

Daar is slegs plek vir 25 leerders, so spring gou om jou kind se reis tot leersukses vas te maak.

U sal die naweek voor die kursus 'n boodskap ontvang met die benodigdhede wat die leerder moet saambring.

Kontakbesonderhede: Me A van Emmenis

- [info@brainwize.net](mailto:info@brainwize.net)
- 067@brainwize.net

### Skooldrag en voorkoms

Ons wil ouers en leerders vriendelik herinner dat leerders te alle tye in hul amptelike, korrekte skooldrag geklee moet wees.

Kom asseblief die voorkomsreëls te alle tye noukeurig na sodat ons die skool se standaard kan handhaaf.

- Ons vra vriendelik dat leerders nie hul hare gedurende die skoolvakansie sal kleur of strepies laat insit nie. Dit geld vir seuns én dogters.
- Leerders moet ook nie hul hare volgens die nuutste modegiere sny nie (bv. seuns se "mushroom-styl" – hare super kort onder met baie volume bo).
- 'n Voorkomsinspeksie vind op die eerste dag van elke nuwe kwartaal plaas, en ons vra dat elke Oosie se voorkoms en skooldrag netjies en volgens die skoolreëls sal wees.

## SOSIAAL

### Tiarabal (Gr11)

Die graad 11-leerders en ouers word herinner aan die Tiarabal op 24 Julie 2026.



Plek : Hoërskool Oos-Moot skoolsaal  
Tyd : 17:30 vir 18:00 tot 22:00  
Kleredrag : **Semi-formeel (sien foto)**

Die sluitingsdatum vir betalings en tafelbesprekings is 23 Julie 2026. Volledige inligting is in die [skrywe](#) vervat.

## Matriekafskied 2026

Ons herinner graag ons matriekleerders en ouers aan hierdie spesiale geleentheid.

Datum : 24 September 2026  
Plek : Colosseum Reale Venue  
Tyd : 18:00 – 23:00

Die sluitingsdatum vir die betalings is 31 Julie 2026. Volledige inligting is in die [skrywe](#) vervat.

## SPORT

### Bepalings, oefentye, programme en uitslae

Hierdie inligting word, soos ontvang, op die skool se kommunikasiekanale (by die onderskeie sportsoorte geplaas).

### Hokkie – Oosie Juniors

2026 [Inligtingskrywe](#) met volledige inligting t.o.v. oefentye, kleredrag, afripter ensovoorts.

[Oosie Junior WhatsAppgroep](#)

## KULTUUR

### OOSIE-ENGELE

Oosie-Engel Boks-insameling



Volgende kwartaal begin Oosie-Engel met 'n spesiale boks-insameling vir ons mindergegoede seuns en dogters in ons skool en gemeenskap.

Ons nooi almal uit om betrokke te raak deur 'n boksie met noodsaaklike items saam te stel – vir meisies en/of seuns.

**Meisies** se boksies kan items soos gesigwas, deodorant, lyfroom,

sanitêre produkte, lyfseep, spuitgoed, tandeborsel, tandepasta, skeermes, haarrekkies, 'n haarborsel, kam en selfs 'n lekker sjokolade bevat.

**Seuns** se boksies kan items insluit soos deodorant, lyfroom, lyfseep, gesigwas, spuitgoed, tandeborsel, tandepasta, skeermes, seep, sjampoe, 'n kam en 'n klein bederfie soos sjokolade.

Elke boksie gaan nie net praktiese hulp bied nie, maar ook wys dat iemand omgee.

**Skenkings kan voor of op 31 Julie by K18 ingehandig word.**

### RASIELEIERS

Die Rasies se volgende kompetisie:

Datum : 28 Junie

Kompetisie : PULSE  
Plek : Johannesburg Teater  
Tyd : 15:57  
Vir navrae kontak. [z.jansevanrensburg@oos-moot.co.za](mailto:z.jansevanrensburg@oos-moot.co.za)

## BUITEPRESTASIES

### SPORT

Erkenning van buite-skool prestasies (prestasies buite skoolverband).

**Klik op die skakel hieronder.**



## PROJEKTE

### PVM PRODUKTE

**PVM-produkte nou by Oos-Moot beskikbaar!**

#### Bestellings

- Voltooi die [bestelvorm](#).
- Stuur die voltooide vorm en navrae per e-pos na: [pieterses@oos-moot.co.za](mailto:pieterses@oos-moot.co.za)

#### Aflewering

- Aflewering vind plaas in die week ná die sluitingsdatum van elke bestelling.
- U sal 'n e-pos ontvang met die dag en tyd waarop u, u bestelling by die skool kan kom afhaal.

## NUUSBRIEFADVERTENSIES

Adverteer in ons skool se nuusbrieff. Koste en volledige inligting by die [skakel](#) beskikbaar.



**F.E.E.S. VAN WYNKOPERS**

31 JULIE 2026  
18:30 VIR 19:00  
NG KERK, WAVERLEY-OOS  
R200 PER PERSOON

KONTAK SUE-MARIE  
082 447 2813 / 067 269 4447



**Wiskunde en WETENSKAP HULPBRONNE**

- ✓ Flitskaarte
- ✓ Teorieboek
- ✓ Vraestelle

Alles wat jy nodig het om 'n **SUKSES** van jou studies te maak!

Teen 'n Koste van:  
**R330!!**

[www.wenwetenskap.co.za](http://www.wenwetenskap.co.za)

<https://www.wenwetenskap.co.za>



#### PLANTCARE SERVICES BIED:

- Binnenshuise plant-installering en -instandhouding
- Tuinontwerp en besproeiing
- Plantdekorverhuring
- Weeklikse versorging

Tel: 072 500 2889 / 072 080 7540

Besoek [www.plantcareservices.co.za](http://www.plantcareservices.co.za)  
vir meer inligting. Stuur 'n e-pos  
na [info@plantcareservices.co.za](mailto:info@plantcareservices.co.za)  
of [plantc@mweb.co.za](mailto:plantc@mweb.co.za)



**Waverley Wiskunde & Wetenskap Sentrum**

Vakke wat by die Wiskundesentrum aangebied word.

- Wiskunde graad 1 tot 12, asook Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde.
- Rekeningkunde graad 8 tot 12.
- Afrikaans graad 1 tot 12. Engels graad 1 tot 12.
- Wetenskap graad 10 tot 12 sowel as Tegniese Wetenskap
- **Career Direct:** Aanlegtoetse, vakkeuse, beroepskeuse en beroepsleiding

**Aanvullende onderrig + Beroeps - & Vakkeuse toetsing**

**Marina Stander - 083 259 8913**



**REIT**  
STOEI WRESTLING  
AMATEUR

# REITZ STOEIKLUB NOU OP HOËRSKOOL OOS-MOOT SE PERSEEL!

 Word deel van hierdie sport op ons eie perseel.

 Stoei ontwikkel vaardighede wat voordelig is vir verskeie ander sportsoorte en die sport groei vinnig in Suid-Afrika.

**STOEI ONTWIKKEL:**

- KRAG & SPIERUITHOUVERMOË
- BALANS & LIGGAAMSBEHEER
- RATSHED & KOÖRDINASIE
- DISSIPLINE & GEESTELIKE WEERBAARHEID
- SELFVERDEDIGING & SELFVERTRoue

 **ME T JORDAAN :**  
jordaant@oos-moot.co.za

 **CHRISTO REITZ ( EIENAAR ) :**  
+27 (82) 322-2392